# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _14_ bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit ***TWEE*** afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B: TAALWERK | (80) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

**VRAAG 1**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**TEKS A**

***VANDAG PRAAT ONS OOR HAMBURGERS***

1. Die woord "hamburger" het sy ontstaan in *Hamburg, Duitsland* gehad waar gemaalde vleis gemeng met uie, broodkrummels en baie sout gemaak is vir reisigers. Op dié manier het die vleis langer bewaar gebly en kon die reisigers dit langer eet.

2. Die presiese ontstaan van die hamburger is nie baie duidelik nie, maar daar is een storie wat uitstaan en meer geloofwaardig klink.

3. In 1885 het Charlie Nagreen van *Seymore* in *Wisconsin,* Amerika op die ouderdom van vyftien, frikkadelle verkoop vanaf sy os-aangedrewe koskarretjie by die jaarlikse *Auotgami* dorpskermis. Sy verkope was eers nie baie suksesvol nie en hy het vinnig agtergekom dat mense sukkel om die frikkadelle so in die loop te eet. Hy het toe vinnig aan 'n plan gedink om die frikkadelle plat te druk en tussen twee snye brood met 'n agurkie daarop te verkoop. Hy was so suksesvol met hierdie hamburger gewees dat hy jaarliks teruggegaan het en selfs later bekend geword het as *Hamburger Charlie.* Hy het elke jaar teruggegaan om hamburgers te verkoop tot en met sy dood in 1951.

4. In Mei 2007 word daar in Wisconsin gesê dat die hamburger daar ontstaan het. Daar is baie verskillende hamburgers in *Amerika* wat streekname gekry het wat wêreldbekend is.

5. Die *Texas burger* het mosterd in die sous, terwyl die *Wisconsin burger* nogal baie botter op die broodjie het.

6. Die *California burger* – seker die burger wat ons die meeste gebruik – is 'n beesvleis frikkadel met vars tomatie, blaarslaai en uie. Die *Salt Lake City burger* gebruik pastrami as die vleis gedeelte, in *Minnesota* word 'n *Juicy Lucy* burger bedien en dié een kan net lekker wees, want kaas word binne-in die frikkadel gesit.

7. Die *Meksikaanse burger* word gemaak met snye ham en kaas wat saam met die frikkadel opgedis word.

8. Dit is die restaurant *Wimpy* wat sy oorsprong in Engeland in 1954 gehad het, wat vir die eerste keer 'n hamburger op 'n bord bedien het met aartappelskyfies by. Hulle was ook die eerste restaurant wat mense die opsie gegee het om die hamburger met 'n mes en vurk te eet.

9. In *Pakistan* word gemaalde lamsvleis gebruik vir die frikkadel en dit word bedien met roereier, blatjang en uie. In *Maleisië* word burgers bedien met 'n gewone beesvleis frikkadel, 'n gebraaide hoender frikkadel en 'n eier daarby. In *Turkye* het hulle selfs verder gegaan en 'n afvalburger gemaak wat 'n "wet burger" genoem word.

10. Ek wonder watter een sal vir julle die lekkerste wees!

**[Uit: koskaskenades.wordpresncom]**

**WOORDESKAT:**

a) ontstaan - origin
b) gemaalde – minced
c) reisigers – travellers
d) bewaar – preserved
e) geloofwaardig – believable
f) frikkadelle – meat balls
g) os-aangedrewe – ox driven
h) koskarretjie – food cart
i) dorpskermis – town fair
j) sukkel – struggle
k) streekname – area names
l) beesvleis – beef
m) opgedis – served
n) aartappelskyfies – potato chips
o) roereier – scrambled eggs
p) bladjang – chutney
q) afval – offal

**VRAE:**

**1.1 Waar kom die woord, "hamburger", vandaan? (1)**

**1.2 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.**

**Die Duitsers het baie (broodkrummels/sout) by die vleis ingemeng sodat dit langer vars bly. (1)**

**1.3 Haal vyf opeenvolgende woorde aan wat bewys dat ons nie te seker is waar presies die hamburger ontstaan het nie. (1)**

**1.4 In watter jaar het Charlie Nagreen frikkadelle begin verkoop? (1)**

**1.5 Hoe oud was Charlie? (1)**

**1.6 Wat was die naam van die dorpskermis waar Charlie frikkadelle verkoop het? (1)**

**1.7 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal EEN woord uit paragaaf 3 aan om dit te bewys.**

**Die dorpskermis word elke maand gehou. (1)**

**1.8 Watter vervoer het Charlie gebruik om sy frikkadelle op te verkoop? (1)**

**1.9 Hoekom was Charlie se verkope <u>eers</u> nie so suksesvol nie? Haal 'n frase van sestien opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)**

**1.10 Noem drie dinge wat Charlie gedoen het om meer frikkadelle te verkoop. (3)**

**1.11 Wat was Charlie se bynaam? (1)**

**1.12 Waarna is al die hamburgers wat ons vandag ken, vernoem (*named*)? (1)**

**1.13 Haal een woord in paragraaf 4 aan wat vir ons sê dat die hele wêreld hierdie hamburgers ken. (1)**

**1.14 Gee die naam van die hamburger wat die meeste gebruik word. (1)**

**1.15 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul:**

**Die Wisconsin burger sit baie a)___ op die broodjie, terwyl die b)___ burger pastrami gebruik as vleis. Die Juicy Lucy burger word in c)___ gevind. (3)**

**1.16 Pas die beskrywing in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.16.1) en die letter (A-D) neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 Die Texas burger. | A. Gemaalde lamsvleis word gebruik. |
| 1.16.2 Die California burger. | B. Snye ham en kaas word saam met die frikkadel voorgesit. |
| 1.16.3 Die Juicy Lucy burger. | C. Daar is mostert in die sous. |
| 1.16.4 Die Meksikaanse burger. | D. Dis 'n beesvleis frikkadel met vars tomatie, blaarslaai en uie. |
| | E. Kaas binne-in die frikkadel |

**(4)**

**1.17 Gee die naam van die restaurant waar jy vir die eerste keer die hamburger op 'n bord gekry het. (1)**

**1.18 Noem drie dinge wat die Pakistanies saam met hulle hamburger bedien. (3)**


**1.19 Hoe is Maleisië se burger anders as ander burgers? (2)**

**1.20 Gee 'n ander naam vir die "wet burger" wat jy in Turkye kan kry. (1)**

**1.21 Van watter burger hou jy die meeste? (1)**

**[31]**

**TEKS B: Veiligheid**




[media 24.statistieke, 2020]

**1.22 Gee die naam van die siekte waarteen die masker jou moet beskerm. (1)**

**1.23 Haal 'n sin aan wat vir ons sê wat jy moet doen om tyd te spaar. (1)**

**1.24 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal vyf opeenvolgende woorde aan om dit te bewys.**

**Jy mag enige tyd uit die motor klim. (1)**

**1.25 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde soos dit in die stuk gebeur.**

- **Loop deur die matriekhek na die vierkant.**
- **Jou temperatuur word geneem.**
- **Jy arriveer by die skool met jou masker aan.**
- **Jou hande word gesaniteer. (4)**

**1.26 Noem een vraag wat aan jou gevra kan word wanneer jy die vraelys moet voltooi. (1)**

**1.27 Wat is die naaste wat jy aan jou maatjie mag staan? (1)**

**[9]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 40 PUNTE**

## AFDELING B: TAALWERK

### A. SINSTRUKTURE

**VRAAG 2: Sport prentjie**

Die volgende vrae is op die sport prentjie hieronder gebaseer.

TEKS C



2.1 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.

2.1.1 Die kind, gister, moes, speel, 'n belangrike tenniswedstryd. (1)

2.1.2 Die seun, sy tekkies, was, more, sal, voor die wedstryd. (1)

2.1.3 Ons, 'n sokkerwedstryd, teen Kloof, speel, vandag. (1)

2.2 Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.

2.2.1 Die seun speel vir die eerste sokkerspan. (1)

2.2.2 Die meisie is in die eerste netbalspan. (1)

2.2.3 Die afrigter het baie spelers. (1)

2.2.4 Die kinders loop en gesels oor die wedstryd. (1)

2.2.5 Ons herken die bekende sokkerster. (1)

2.3 Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

2.3.1 Daar is twee ekstra spelers in die span. (1)

2.3.2 Stephen speel vandag 'n wedstryd in Durban. (1)

2.3.3 Die doelwagter het 'n groot probleem. (1)

2.3.4 Die meisies sit en kyk na die wedstryd. (1)

2.3.5 Die seun skop die bal baie hard oor die pale. (1)

2.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies. Skryf die sinne oor.

2.4.1 Ons moet hard oefen. Die ander span sal ons wen. (anders) (1)

2.4.2 Ek doen my opwarmings oefeninge. Ek hardloop om die veld. (en) (1)

2.4.3 Ons eerste rugbyspan het gewen. Ons het baie hard geoefen. (omdat) (1)

2.4.4 Ek mag op my playstation speel. Ek het my skoolwerk voltooi. (sodra) (1)

2.4.5 My been het seergekry by die rugby. Ek rus by die huis. (dus) (1)

2.5 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

2.5.1 Die kinders oefen hard vir die wedstryd. (1)

2.5.2 Iemand het die bal deur die venster geskop. (1)

2.5.3 Daar is iets op die rugbytruie geskryf. (1)

2.5.4 Ons gaan êrens in die Kaap toer. (1)

2.5.5 Hulle het al die vliegtuigkaartjies gekoop. (1)

2.6 Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

2.6.1 Susan speel 'n tenniswedstryd by Westridge Park. (1)

**2.6.2 John het 'n nuwe krieketkolf by Mr Price gekoop. (1)**

**2.6.3 Die atlete bêre die hardloopskoene in hulle sportsakke. (1)**

**2.6.4 Die kampioen sal 'n goue medalje by die Olimpiese Spele wen. (1)**

**2.7 Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE.**

**2.7.1 John sê: "Ek is baie moeg." (1)**

**2.7.2 Jane vra: "Skyn die son vandag?" (1)**

**2.7.3 Die man vra vir sy vrou: "Het jy my klere gewas?" (1)**

**2.7.4 Die meisie sê: "Ek skryf 'n interessante opstel." (1)**

**2.8 Skryf die volgende sinne oor. Vul die LEES- EN SKRYFTEKENS in.**

**2.8.1 hy skree eina dit was seer (1)**

**2.8.2 ma stuur my winkel toe om die volgende te koop melk eiers kaas piesangs en sjokolade (1)**

**2.8.3 shane vra wie het my pen geneem (1)**

**2.8.4 die seun se ek het nou lekker geeet (1)**

**2.8.5 ons het eers in kaapstad gewoon nou woon ons in hillcrest (1)**

**2.9 KOMMUNIKATIEWE TAAL: Wat sal jy in die volgende situasies sê?**

**2.9.1 Groet iemand in die middag. (1)**

**2.9.2 Groet iemand voordat hulle weggaan. (1)**

**2.9.3 Vra die tyd. (1)**

**2.9.4 Wens jou maat geluk met sy/haar verjaardag. (1)**

**[40]**

## B. WOORDSTRUKTURE

### VRAAG 3: Kos prentjie

Die volgende vrae is op die kos prentjie hieronder gebaseer.

TEKS D



3.1 Gee die MEERVOUDE van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

3.1.1 Die drie (dogter) in ons gesin hou van koskook. (1)

3.1.2 Hy het twee (oog) toegemaak en een koekie geneem. (1)

3.1.3 Al die (kleinkind) in ons familie hou van lekkers. (1)

3.1.4 Ons het al ons (naweek) op die strand deurgebring. (1)

3.2 Gee die VERKLEINWOORDE van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

3.2.1 My liewe (ma) hou daarvan as ons lekker eet. (1)

3.2.2 Hy het sy klein (hand) uitgesteek om nog koek te neem. (1)

**3.2.3 Ek het vir my ma 'n klein (blom) vir haar moeite gepluk.** **(1)**

**3.2.4 By daardie klein (skool) kry jy heerlike middagete.** **(1)**

**3.3 Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**3.3.1 Die seun lees ___ eie boek.** **(1)**

**3.3.2 Daardie boeke wat ons gekoop het, is nou ___.** **(1)**

**3.3.3 Ek betaal vir ___ eie ete.** **(1)**

**3.3.4 Die meisie het ___ ma in die kombuis gehelp.** **(1)**

**3.3.5 Julle moet vir ___ van daardie skyfies koop.** **(1)**

**3.4 Vul die VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**3.4.1 Ons eksamens begin ___ agtuur.** **(1)**

**3.4.2 Ons gaan binnekort ___ vakansie.** **(1)**

**3.4.3 Ek is baie lief ___ my ma.** **(1)**

**3.4.4 Ons ry elke dag ___ motor skool toe.** **(1)**

**3.4.5 Hy loop ___ voet skool toe.** **(1)**

**3.5 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**3.5.1 Ek is (baie seker) dat die kos heerlik gaan proe.** **(1)**

**3.5.2 Die wegneemetes by daardie restaurant is (baie goedkoop).** **(1)**

**3.5.3 Ben is (baie verlief) op Lindie.** **(1)**

**3.5.4 Hierdie sjef is (baie beroemd).** **(1)**

3.6 <u>Vul die VRAAGWOORD in die oop spasie in. Die antwoord op die vraag word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

3.6.1 ___ kom die nuwe seun? (van Kaapstad) (1)

3.6.2 ___ het jy gevoel toe jou span verloor? (hartseer) (1)

3.6.3 ___ het die wedstryd begin? (om 7uur) (1)

3.6.4 ___ het jy die seun geslaan? (hy het my pen gebreek) (1)

3.6.5 ___ tas lê nog op die veld? (John s'n) (1)

3.7 <u>Voltooi die volgende VERGELYKINGS. Skryf net die nommer en die antwoord neer</u>.

3.7.1 Die man het geld soos ___. (1)

3.7.2 Mev. Meiring se enkel was so blou soos die ___. (1)

3.7.3 Hierdie graad agt seun is so lui soos 'n ___. (1)

3.7.4 My ouers is so trots soos 'n ___ op my. (1)

3.8 <u>AFKORTINGS</u> (Skryf elke keer net die nommer en antwoord neer.)

a) <u>Skryf die AFKORTINGS in hakies voluit neer</u>:

i) My broer woon nou in die (VSA). (1)

ii) Ons het vandag Zoeloe (i.p.v.) Afrikaans gedoen. (1)

b) <u>Gee die AFKORTINGS vir die woorde in hakies:</u>

i) Ek moes die hoof (in verband met) my swak punte spreek. (1)

ii) Ons (dominee) het gisteraand ons huis besoek. (1)

**3.9 <u>Gee die teenoorgestelde GESLAG van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer</u>.**

**3.9.1 Die ou man se (kleinseun) het vir hom kom kuier. (1)**

**3.9.2 My (skoonsuster) het my gehelp. (1)**

**3.9.3 Die (weduwee) was baie eensaam. (1)**

**3.9.4 My (buurvrou) het 'n heerlike koek gebak. (1)**

**3.9.5 Die (oujongnooi) het alleen gewoon. (1)**

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 80 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 120 PUNTE**





